Kortliks: Ons Storie..Ons Reis

Ek het opgegroei in die mooie Mosselbaai in die NG kerk. Oppad na die Kweekskool in Stellenbosch het alles verander toe ek op n dag die ware wedergeboorte gesmaak het en my lewe oorgegee het aan Jesus Christus in 1976. Ek gaan studeer by die AGS se teologiese seminaar en ontmoet vir Heila wat voltyds vir een jaar Jeugwerk gedoen het by die kerk se Jeugaksie. Heila is deur haar moeder na Jesus gelei toe sy nog 'n jong dogtertjie was Vanaf 1982 was ons voltydse predikantspaar van die AGS Kerk en bedien in die volgende Gemeentes: Swakopmund, Walvisbaai, Sasolburg, Despatch en Swellendam. Ons begin nuwe AGS Gemeentes in Patterson en Hermanus.

20 jaar gelede het ons emosioneel uitgebrand as voltydse predikantspaar en stuur ons Vader ons baie duidelik na Bredasdorp waar ons heerlik gaan rus het. Hierdie rus het iets baie besonder geword, want hier ontdek ons die Evangelie van Paulus, die openbaring van die misterie van Christus. Die geheim is uit en ons lewens verander waar ons die grootste wonder ontdek. Christus in ons, asook die sabbatsrus in Christus en radikale vrymaking van godsdiens. Alle dank aan mense soos Norman Grubb, Warren Litzman, Watchmann Nee, Gene Edwards en vele ander, wat ons lewens kom verryk het en so groei ons in die Evangelie van die misterie. Christus ons Lewe. Intussen het ek my doktorsgraad in die Evangelie van Paulus – Nuwe Testament – die Dieper ChristusLewe verkry. Hierdie werk is in Engels en in boek vorm beskikbaar. Vandag is ons reis in Christus een heerlike avontuur. Die ontdekking van Vader se mense sonder die etiket van godsdiens. Ons is deel van die Kerk sonder mure, die mooie Bruid van die Seun en ons voel baie bevoorreg om die dieper ChristusLewe Evangelie te kan verkondig.